# Beringing en kleurmerk van Roofvoëls

ENDANGERED WILDLIFE TRUST
BIRDS OF PREY PROGRAMME
conservation in action

**Inleiding**

Voëlberinging word al ongeveer 60 jaar in Suid-Afrika gebruik as 'n bekostigbare metode om verskeie aspekte van die biologie van 'n wye verskeidenheid spesies, insluitend roofvoëls te bestudeer. Die eerste voëls wat in Suid-Afrika gering was, was 'n groep van 31 Kransaasvoël kuikens *Gyps coprotheres* by die Kransberg kolonie in Limpopo in 1948.

**Wat is die doel hiermee?**

Die beringing van voëls kan beskryf word as 'n navorsingsmetode om individuele voëls te merk. Alle voëls wat bering word, kry'n metaalring van 'n geskikte grootte met 'n individuele nommer wat deur deeglik opgeleide en gemagtigde individue aangesit mag word. Daarby kan sommige voël sook gemerk word vir beter individuele identifikasie in die veld deur gebruik te maak van 'n kombinasie van kleurringe, merk van vere, of die aanbring van gekleurde en genommerde plastiekplaatjies op die vlerke van die voël. Akkurate aanmelding van hierdie gemerkte voëls wat iewers gesien of dood gevind is,verskaf belangrike inligting wat toepaslike beplanning en bestuurs besluite ondersteun en dit verseker die effektiewe bewaring van 'n voël spesie.

**Die volgende aspekte aangaande die biologie van roofvoëls kan verkry word deur die beringing en kleurmerk van voëls:**

- Plaaslike bewegings en verspreidings patrone
- Migrasie patrone en seisoenale voorkoms in 'n gebied
- Oorlewingsyfers en lewensduur
- Oorsake van sterftes en bedreigings

**Protokol vir roofvoëlberinging**

Ten spyte van die omvattende geskiedenis van roofvoël beringing in suider Afrika, het die *Birds of Prey Programme (BoPP)* by hul Roofvoël Werkswinkel in 2005 die behoefte geïdentifiseer aan die opstel van 'n omvattende dokument wat toepaslike inligting, riglyne en tegnieke beskryf vir die vang, beringing en vrylating van roofvoëls in Suid-Afrika. Ervare roofvoël beringers en ander betrokkenes by die *Birds of Prey Programme* het aangebied om hierdie dokument op te stel en 'n Protokol vir Roofvoël beringing te laat publiseer. Die Suid-Afrikaanse Voël Beringings Eenheid (SAFRING) by die Voëldemografiese Eenheid van die Universiteit van Kaapstad ondersteun hierdie inisiatief.

**Kleurmerk van roofvoëls**

'n Aantal roofvoël spesies is in Suid-Afrika gemerk deur van verskeie metodes gebruik te maak. Indien u roofvoëls sien, soos byvoorbeeld Afrikaanse Vis arende (*Haliaeetus vocifer*), Witkruisvleivalke (*Circus maurus)* en Bleeksingvalke *(Melierax canorus*), kyk of hulle kleurringe of vlerk plaatjies aan het en rapporteer die waarnemings deur die onderstaande riglyne te volg.

**Vlerkplaatjies vir aasvoëls**

Aasvoëls wat in suidelike Afrika gering is, het saam met die voorgeskrewe metaalringe, vir meer as 30 jaar ook kleurringe gekry.

Ten spyte van dramatiese verbeteringe die afgelope tyd in tegnologie en die materiaal wat gebruik word om voëls te kleurmerk, het die ringe wat op suidelike Afrika se aasvoëls gebruik was, sedert die vroeë 1980's dieselfde gebly. Terugvoer van waarnemers het aangedui dat hierdie ringe verbleik en in sommige gevalle maklik deur die aasvoëls verwyder kan word. As 'n ring verbleik of verloor het, is dit onmoontlik om daardie individuele voël te identifiseer en die poging om so 'n voël te kleurmerk, was te vergeefs.

In die lig hiervan, het die *Birds of Prey Programme* onderneem om 'n waardebepaling te doen van 'n reeks kleurmerkmetodes in suidelike Afrika. Die metode waarop besluit is om aasvoëls in die toekoms te kleurmerk, is om vlerkplaatjies op die vlerke aante bring ("patagial tagging"). Dit verwys na die aanbring van 'n plastiekplaatjie in die "patagium" of frontale vlerkflappie van die voël. Hierdie metode word wêreldwyd met groot sukses op verskeie voëlspesies, insluitend aasvoëls en kondors in Europa en Noord-Amerika, gebruik.

As deel van die assesseringsproses is 'n klein groepie aasvoëls met vlerkplaatjies gemerk en die waarnemings wat van hierdie voëls gemaak is, het reeds die aanvanklike verwagtinge ver oortref. Ten spyte hiervan, sal die metode gedurig geassesseer word om die welsyn van die voëls, asook die deurlopende doeltreffendheid van die metode te verseker. Die *Birds of Prey Programme* maak staat op lede van die publiek, grondeienaars en personeel van bewarings gebiede om hierdie gemerkte voëls wat hulle waarneem, aante meld.

Die *Birds of Prey Programme* wil jou uitnooi om te help deur aan tekeninge te maak van die gemerkte aasvoëls wat jy in nasionalep arke, natuur reservate, aasvoëlrestaurante en op ander plekke sien. Indien so 'n voël opgemerk word, teken die volgende aan:

- Datum
- Tyd
- Plek
- GPS lesing (indienmoontlik)
- Spesie
- Habitat
- Toestand van die voël

Die belangrikste is om die kleur van die vlerkplaatjie, asook die letter kode op die plaatjie, aan te teken aangesien dit die besonderhede sal verskaf van waar die voël gemerk is. Dit sal ideaal wees indien waarnemers ook foto's van die gemerkte voël kan neem en dit teen 'n lae resolusie beeld (minder as 100Kb) saam met hul waarneming kan instuur. Dit is ook belangrik dat die waarnemer sy naam en kontakbesonderhede sal verskaf sodat hy geskakel kan word indien daar verdere inligting benodig word.

Teks deur André Botha; vertaling deur Ronelle Visagie

***Waar om waarnemings en dooie voëls te rapporteer:***

Alle toepaslike inligting kan aan die Suid-Afrikaanse Voël beringings eenheid (SAFRING) in Kaapstad gegee word by telefoon nommer +27 (0)21 650-2421/2 of safring@adu.uct.ac.za.

Vir verdere Inligting kontak asseblief die

Endangered Wildlife Trust
Birds of Prey Programme E-pos: raptor@ewt.org.za
Private Bag X11, Modderfontein, 1645, South Africa
Telefoon: +27 11 372 3600
Faks: +27 11 608 4682
www.ewt.org.za